

## CONGRESS 30 PRESIDENT'S ADDRESS

### KENNIS EN DIE WEIDINGKUNDIGE IN 'N VINNIG VERANDERENDE SUIDELIKE AFRIKA

### KNOWLEDGE AND THE GRASSLAND SCIENTIST IN A RAPIDLY CHANGING SOUTHERN AFRICA

H A Snyman

Departement Weidingkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein  
9300, Suid-Afrika

Die onbekende toekoms wat vir Suid-Afrika en veral die landbou voorlê, skep juis geleenthede vol beloftes, wat nie net deur die Weidingsvereniging van suidelike Afrika nie, maar deur elke weidingkundige ten volle benut moet word. Alleen diegene en vakdissiplines wat kans sien om die uitdagings te aanvaar en kreatiewe denke in 'n vinnig veranderende politieke en finansiële omgewing te openbaar, sal oorleef. Daar moet nie net teen veranderinge in opstand gekom word nie, maar die oplossing lê eerder in die effektiewe bestuur daarvan. In die strewe na volhoubare landbouproduksie binne ontwikkelde sowel as ontwikkelende gebiede in suidelike Afrika, is dit van kardinale belang dat daar in die toekoms meer in die mens as hulpbron belê sal word. Die mens is 'n hulpbron wat se potensiaal nie net deur verskeie opvoedkundige instansies altyd ten volle ontgin word nie, maar ook deur ons as individue en as 'n Vereniging. Die Weidingsvereniging van suidelike Afrika moet homself heroriënteer na die besef dat sy grootste bate juis opgesluit lê in sy mense en nie slegs in die land se natuurlike landbouhulpbronne nie. Die waardevermeerdering van die mens as hulpbron lê veral in die verrykingsproses, wat hom met effektiewe denke en doenvaardighede toerus.

I wish to share with you the challenges, opportunities and adjustments that exist for developing and utilising the potential of the human resource (grassland scientist) optimally, and our contribution as members and as a professional society to this end. I see this involvement and task, which must be carried out with responsibility, in four aspects of knowledge, namely gathering, transfer, integration and implementation.

#### Gathering, transfer, integration and implementation of knowledge

All over the world universities and other tertiary institutions, experienced a period during which they were closely scrutinised. Financial pressure was exerted and searching questions were asked about their role and meaningful contribution to the benefit of the community. Now there is a new universal awareness of the important role that creative education and thinking can play in a world of rapid social and economic change. Criticism has now made room for new challenges. In South Africa too, one feels a spirit of expectation in the broad community in respect of a possible educational revolution.

Suid-Afrika staan voor 'n tydperk van vinnige en verreikende veranderinge wat al groter eise aan kennis insameling, oordraging, integrering en die toepassing daarvan gaan stel. Die ontwikkeling van menslike hulpbronne mag nie bloot net 'n reaksie van die owerhede op sosiale en ekonomiese druk wees nie. Dit moet deur die breë gemeenskap gesien word as 'n wyse waardeur ekonomiese groei bewerkstellig kan word, om ook neerslag te vind in sosiale vooruitgang. Dit is onteenseglik so dat die ekonomie en die opleiding, en die ekonomie en die navorsing, besig is om so te verander dat hul onderlinge afhanklikheid vinnig toeneem. Die rede hiervoor kan volgens navorsing gevind word in 'n globale magsverskuiwing wat plaasgevind het. Aanvanklik het fisiese oorheersing en militêre mag gedomineer, waarna monitêre oorheersing (die mag van geld) die meeste getel het. Vandag is kennis en kundigheid deurslaggewend, alhoewel finansiële en fisiese mag wel 'n outomatiese gevolg van kennis is. Hieruit kan afgelei word dat 'n kennisvoordeel tans die belangrikste is om 'n magposisie te beding. Dit wil dus blyk dat Winston Churchill se opmerking "empires of the future are empires of the mind" profetiese woorde was.

Elke weidingkundige sal kennis moet neem van hierdie magsverskuiwing, dit ontleed en binne hierdie veranderinge nog sterker sy of haar doelwitte nastreef. Opleiding, nou meer as ooit tevore, is elkeen se mede-verantwoordelikheid en eis 'n breë betrokkenheid, nie net van die gemeenskap nie, maar ook van ons

as Vereniging. Die weidingkunde dissipline vorm 'n fundamentele faset in die opheffing van landelike verarmde gemeenskappe in suidelike Afrika. Weidingkundiges word toenemend gekonfronteer met uitdagings om meer betrokke te raak by landboukundige en sosio-ekonomiese veranderinge binne ontwikkelende gebiede, in 'n poging tot die opheffing van hierdie gemeenskappe. Elkeen moet die geleentheid hê, maar ook 'n verpligting om 'n hydrae te maak.

'n Land se kennisfabrieke naamlik, skole, kolleges, teknikons en universiteite word deur hierdie magsverskuiwing, van die mees strategiese aktiwiteite. Ons kennisfabrieke waar mense toegerus word met insig en vaardighede, is nou net so strategies belangrik as wapenfabrieke toe bloot militêre mag getel het. Hierdie kennisfabrieke sal hulle moet instel om die gemeenskap wat hulle bedien, 'n magsvoorsprong te gee, wat ekonomiese groei en sosiale vooruitgang sal verseker. Die WVSA moet hom van tyd tot tyd vergewis of daar nog aan 'n suksesvolle weidingkundige se behoeftes, in hierdie snel ontwikkelde wêreld met sy asemrowende tegnologie, deur hierdie kennisfabrieke voldoen word. Weidingkundige behoeftes, asook vereistes van die omgewing en natuurlike hulpbronne behoort aan die kennisfabrieke deurgegee te word, waarin die Vereniging in die toekoms dalk 'n verpligte rol sal moet vervul. Daar moet nie voorskriftelik opgetree word nie, maar slegs raadgevend.

In the rapidly changing economic and social environment in southern Africa, it is essential that agricultural institutions should reconsider how they are going to develop their students' potential in agriculture, such that they will show a strong commitment to quality of life, equity and excellence in work. In an era of rapid change, agricultural educational institutions are facing the challenge of making their education programmes relevant and cost-effective without sacrificing standards. The challenges in agriculture requires a fresh evaluation of existing curricula. New models are required for updating and upgrading the skills and competence of South African agriculturists, for both the commercial and communal farming sectors. Education is a strategic issue in the competitiveness of southern African agricultural industries. In the face of economic recession and budget cut-backs, agriculturists will have to be trained to do more for their discipline with the same inputs. I believe that such educational changes will definitely affect future membership of the Society.

In order to educate a grassland scientist successfully, certain basic requirements are expected of an educational institution, namely

- (1) excellent scientific education must be given, which will effectively serve the grassland science and the profession;
- (2) skills must be developed in students to enable them to compete successfully in the labour market, or to be a successful entrepreneur;
- (3) the institution must keep up to date with the latest developments in the field of pasture and grassland science at all times and must implement such developments in the education programme; and
- (4) the student must be developed as a total person, and professional ethics must be promoted.

Every country which is serious about the optimisation of its agricultural sector for the sake of promoting economic and social welfare, will treasure its agricultural research system. I trust that the South African government, totally dedicated to a programme of reconstruction and development, fully realises the indispensable role the agricultural research system will have to play in southern Africa, and will therefore support it with confidence. To allow the agricultural sector to fulfil its role in a well-coordinated and well-directed development programme, the following established facts should be taken into account: (1) the history of the world has shown that development is based on the availability of applicable technology; (2) applicable technology is the result of well-directed, effective and dedicated research, and (3) effective research is only possible when sufficient resources for that purpose, namely expertise, infrastructure and funds, are available.

Over the past few decades grassland science and resource-oriented research did not receive the attention it deserved. The research carried out by limited manpower with limited funds, was fragmented and uncoordinated without a purposeful plan of action. The likelihood that the financial and manpower position will improve in future is slim, and therefore the time for doing research for the sake of research is gone.

Research should be undertaken for the benefit of the agricultural industry and the community. Consequently there has been a radical re-think with regard to sponsorship (cut-backs) of agricultural research which directly affects our Society. There has been a worldwide shift in emphasis from subject-oriented to problem-oriented, applicable and integrated research, which will eventually have economic advantages for agriculture and the community. The GSSA should act as a forum for communication between all its members, where we can improve our skills and knowledge and where the discipline can set standards and norms to achieve a unity of purpose.

In the field of research, the grassland scientist should strive to meet the following basic objectives, namely

- (1) to make a contribution to the development of pasture and grassland science by means of effective, basic and applied research of a high standard;
- (2) to develop new technology;
- (3) to promote cooperation between grassland scientists and to develop specialist expertise;
- (4) to furnish the agricultural industry with the required knowledge for the optimum utilisation and conservation of the grassland ecosystem; and
- (5) to produce high-quality scientific publications, but also popular publications that serve the public and farming community.

Interdissiplinêre samewerking op landboukundige gebied raak weens die beperkte mannekrag, opleidingsgeriewe en fondse 'n vereiste. Hierdie beter samewerking sien ek as koördinerings op drie fronte, naamlik

- \* die tussen verskillende wetenskaplike dissiplines,
- \* verskillende opvoedkundige inrigtings en dié
- \* tussen verskillende voorligtingsaksies.

Beter samewerking tussen verskillende wetenskaplike vakdissiplines kan nie oorbeklemtoon word nie, omdat die belangrikheid van die werk as weidingkundige, daarin lê dat dit multidissiplinêr is. Die weidingkundige dien gewoonlik as skakel tussen baie vakdissiplines deurdat op die omgewing/plantinteraksie, die plant/dierinteraksie of ook meer komplekse interaksies soos die plant/dier/menskompleks gewerk word. Solank almal binne die Vereniging hulle werk met die korrekte professionaliteit hanteer, sal die gevaar nie bestaan dat weidingkunde sy identiteit sal verloor nie. Daar moet daarteen gewaak word dat professionaliteit nie slegs gemeet word aan bloot akademiese kwalifikasies nie, wat so maklik verkeerdelik gebruik kan word. Net soos landsgrense in die wêreldgemeenskap besig is om te vervaag, moet kompartemente in navorsing en opleiding uitfaseer word.

Indien op landboukundige gebied, werklik vordering met tegnologie-skepping en -oordraging gemaak wil word, wat nodig is om die natuurlike landbouhulpbronne doelmatig te benut en te bewaar, is 'n veelsydige spektrum van opleidingsinstansies nodig. Alhoewel elke landbouverwante opvoedkundige inrigting sy eie fokus het, behoort daar beter koördinasie tussen hulle te wees, waarin die WVSA as fasiliteerder vir weidingkundige opleiding behoort op te tree. Daar word met groot verwagting uitgesien na die nuutgestigte nasionale Landbouopleidingsraad (South African Board for Education and Training in Agriculture - SABETA) se inisiatiewe om beter koördinerings binne die RSA in die hand te werk. Hierdeur kan oorvlueeling uitgeskakel word en daar kan meer taakgerig opgetree word, sodat dit sal lei tot meer koste-effektiewe opleiding. Dit is belangrik dat die klem by sommige instansies op markgerigte landboukundige opleiding sal val. Sekere instansies moet weer fokus op loopbaanspesifieke opleiding, maar met 'n buigzaamheid wat dit vir die afgestudeerde moontlik maak om aan te pas by 'n veranderende omgewing. Die weidingkundige moet dus toegerus word met meer as blote vakkundigheid. Daar moet voorsiening gemaak word vir aanvanklike onderwys, sowel as voortgesette opleiding, asook vir lang en kort kursusse, asook vir die koördinerings en inisiëring van internasionale samewerking. Die professionele leiding wat die WVSA behoort te bied, moet soveel aansien by landboukundige opleidingsinstansies geniet, dat spontaan na die Vereniging opgesien sal word

vir die moderering en evaluering van kurrikula en sillabusse binne die weidingkunde dissipline. Lede van die Vereniging moet die inisiatief neem in die motivering van opleidingsinstansies om tot so 'n besluit oor te gaan.

Binne 'n kontinue spektrum van onderrig- en opleidingsgeleenthede is dit van minder belang of landboukundiges vanuit 'n universiteit, technikon of 'n kollege kom. Die belangrikste is dat opleiding en navorsing van hoë gehalte beskikbaar is, wat mense oplewer wat 'n bate as landbou- en weidingkundiges sal wees. So 'n benadering sal dit moontlik maak om beskikbare hulpbronne vir opleiding en navorsing meer effektief in te span met maksimum mobiliteit, deur middel van koördinasie en integrasie tussen sektore en instansies. Venootskappe tussen instansies wat die opleiding, navorsing en voorligting aanbied, en dié wat fondse en dienste kan voorsien, sal 'n natuurlike uitvloeisel hiervan wees. Hier moet die gevaar van akademiese snobbisme en selfvoldaanheid nie misgekyk word nie, want dit kan lei tot stagnasie en uiteindelik wetenskaplike agteruitgang.

Dit is nie slegs wetenskaplike en tegnologiese kundigheid wat vir 'n weidingkundige belangrik is nie, maar ook kommunikasiekunde, bestuursvaardighede en mensekennis. Daarom moet die verskillende vakdissiplines nie teen mekaar afgespeel word nie, maar eerder saam deel vorm van die totale kundighedsbasis wat nodig is om sukses te behaal, veral ook in terme van die Heropbou- en -ontwikkelingsprogram van die Suid-Afrikaanse regering. Dit sal uiteindelik lei tot die ideale situasie waar mense se waarde nie slegs van hul kwalifikasies sal afhang nie, maar veel eerder van hul vermoëns. Mense sal beoordeel word volgens die bydrae wat hulle kan maak en nie slegs volgens 'n dokument wat sê waar en wat hulle studeer het nie. Daarom is dit ook 'n strewe van die WWSA om deur sy lidmaatskap en aktiwiteite, 'n breë spektrum van suidelike Afrika se gemeenskap te betrek.

Although the Society did not pay much attention to the developing areas of southern Africa in the past, the first steps were taken in 1992 with the founding of the Developing Areas Branch of the Grassland Society of southern Africa. While there is certainly a need to maintain the solid scientific basis of grassland science, the approach to problem-solving in developing areas may differ from that applied in developed situations. This may require a re-evaluation of the type of tertiary education which grassland scientists receive, and may include increased emphasis on the socio-economic aspects of rangelands and objectives of use other than for commercial production. The belief that developing areas require a reduced research effort input is false. An imaginative and innovative approach is required for grassland scientists to contribute meaningfully to the challenges facing subsistence, small scale and communal farmers. In these developing areas the emphasis should shift from a prescriptive approach (where the resource is conserved), to a development approach (where people are developed). Reconciliation should always exist between conservation and development. The Developing Areas Branch of the Society will in future serve as an important forum, from where research and information needs for the developing areas can be identified and discussed. Although contact has always been maintained with many countries within the southern African Development Community (SADC), recent political changes in South Africa have ensured our full return to the southern African community. However, members of the GSSA sometimes find it difficult to get government funding for attending congresses, symposia and conferences in SADC countries.

Wat gemeenskapsdiens betref, behoort die volgende van 'n suksesvolle weidingkundige verwag te word, naamlik

- (1) dat die weidingkundige kennis, kundigheid en vaardighede deurlopend tot beskikking van die landboubedryf gestel word en
- (2) dat hy of sy betrokke sal wees by die bewaring van die weidingekosistiem deur die beskikbaarstelling en verspreiding van inligting.

Gemeenskapsdiens vorm die hoeksteen van ons betrokkenheid met die publiek daarbuite, wat nog nie almal weidingkunde as 'n profesie beskou, soos waarna ons streef nie. Vir die voortbestaan van die mens is dit belangrik dat ook die stedelike, plattelandse en veral die ontwikkelende gemeenskappe emosioneel gereed gemaak moet word vir die bewaring en volhoubare produksie van die bodem. Dit is belangrik dat die ontwikkelende landbou ten doel moet hê, die versekering van 'n balans tussen die volhoubare produksiepotensiaal van natuurlike hulpbronne, sosio-ekonomiese vermoëns, bevolkingsgrootte en bevolkingsgroei. Dit is juis hier waar die WWSA 'n gewelddige taak het om 'n duideliker persepsie van die weidingkunde dissipline

en hulpbronnabewaring by die algemene publiek en die owerheid tuis te bring. Hierdie heroriëntering behoort reeds by die jeug te begin. Die eenvoudigste weidingkundige hulp aan 'n skoolier of student, moet nooit as te gering geag word nie. Die Vereniging moet deur middel van gereelde strategiese beplanningsaksies, hom beywer vir die deurlopende bemarking van die dissipline. Dit is ook belangrik dat boer, navorser en voorligter mekaar moet vind en elkeen se goedertrou aanvaar.

Die verhouding waarin die mens tot sy omgewing staan, dui volgens Erasmus (1990) op sekere stadia van ontwikkeling, naamlik

mens/self, mens/medemens/gemeenskap, mens/dier, mens/plant, mens/grond, mens/water, mens/lug en mens/see.

Volgens hierdie model sal 'n individu eers in homself belangstel, dan in sy medemens, totdat hy buite homself tree en begin belangstel in die lotgevalle van komponente van die sisteem wat verder van hom verwyder is. Die mees ontwikkelde verhouding is die een waar die mens bekommerd is oor die lotgevalle van dinge wat niemand kan besit nie, soos die lug en die see. Die mens word dus al hoe minder selfsugtig. Die omgewingsetiek waarna 'n land behoort te streef, is juis laasgenoemde. Sommige lede van die bevolking of gemeenskap mag bly vassteek in vroeë stadiums soos byvoorbeeld mens/gemeenskap, wat dan die omgewing ignoreer of mens/dier wat dan die res ignoreer. Dit is baie belangrik dat hierdie aspekte wel deur die Suid-Afrikaanse regering in die Heropbou- en -ontwikkelingsprogram verreken sal moet word, omdat die land se grondgeskille (herverdeling, -vestiging, besitreg, eienaarskap en mees geskikte grondgebruik) sentraal staan tot die opheffing van landelike verarmde gemeenskappe.

Weidingkundiges sal ook in die internasionale arena hulle bydrae tot 'n al groter mate moet maak, nie net tot voordeel van hulleself nie, maar ook tot dié van ons Vereniging. Dit is dus net so belangrik dat opleiding en navorsing 'n uitwaartsgerigte benadering by weidingkundiges moet vestig. Dié persone wat die insig en vaardighede het om internasionaal te kompeteer, sal ook in verhouding daartoe vergoed moet word. Indien tersiêre landboukundige opleidings- en navorsingsinstansies dus nie in staat is om uitblinkers voor te berei om internasionaal te kompeteer nie, sal nie net individue nie, maar die hele gemeenskap daaronder ly. Die WVSA behoort presteerders binne die weidingkunde dissipline nog meer uit te lig. Hier moet dit nie net gaan oor voortreflike navorsing nie, maar uitblinkers op die gebied van onderwys en voorligting moet ook erkenning geniet. Daar is niks wat iemand meer kan motiveer as om erkenning aan hom te verleen vir prestasies gelewer nie. Hierdie erkenning moet ook deurgetrek word na primêre, sekondêre en tersiêre onderwys. Die instel van studiebeurse aan voornemende weidingkundige studente is iets wat dalk op die Vereniging se weg lê, waarin die opbou van 'n Trustfonds 'n groot rol kan speel. Indien dit nie reeds op voorgraadse vlak aangebied kan word nie, is dit op nagraadse vlak 'n hoë prioriteit.

Weens die snelle groei van die WVSA en die besonder baie jong navorsers wat lede daarvan is, het die senior navorsers nog meer as ooit tevore 'n verantwoordelikheid, maar ook 'n verpligting om hulle kennis en ondervinding aan jonger, onervare navorsers oor te dra. Die innoverende denke van jonger navorsers moet net nie oor die hoof gesien word nie. Met die regte leiding aan hulle, kan hierdie Vereniging net van krag tot krag gaan. Ons moet krities wees, solank dit net opbouend is. 'n Suksesvolle navorser moet oor die volgende drie eienskappe beskik, naamlik

- \* hy moet kan begin,
- \* moet kan werk (verkieklik in 'n span) en
- \* moet kan ophou of saamvat.

#### Toekoms van die vereniging

Die Weidingsvereniging van suidelike Afrika het gegroei van 122 lede en 14 lede-organisasies tydens die eerste kongres in 1966 tot meer as 600 lede en 24 lede-organisasies tans. Almal sal saamstem dat ons Vereniging met sy 30ste kongres wel goed gevestig is en daar baie vermag is. Ons geniet internasionale erkenning, ons het 'n suksesvolle Tydskrif en Bulletin, lede kan registreer as 'n Professionele Lid van die Vereniging, daar is verskeie projekte wat geloods word om weidingkunde se beeld na buite te verbeter en ons probeer die boodskap na die uiteindelijke verbruiker, naamlik die boer uit te dra. Ten spyte van alles wat reeds bereik is,

kan ons nie bekostig om selfvoldaan te wees nie. Elke lid van die Vereniging behoort in die nuwe Suid-Afrika ernstig na te dink oor sy of haar bydrae en betrokkenheid tot die uitbouing en instandhouding van die Vereniging, sodat ons nie net in getalle sal groei nie, maar ook in uitsette.

'n Ernstige beroep word gedoen dat weidingkundiges in die WVSA se tydskrif sal publiseer, eerder as in internasionale tydskrifte. Die tendens mag wel bestaan dat in die evaluering van navorsingsuitsette, artikels wat in oorsese tydskrifte gepubliseer word, deur verskeie instansies hoër aangeslaan word as publikasies in plaaslike tydskrifte. Dit mag ook skyn dat oorsese publikasies beter in navorsers se Curriculum Vitae vertoon. Veral vir akademië is dit belangrik om in tydskrifte te publiseer waar hulle navorsing so wyd moontlik gelees en aangehaal sal word. Dit het tot gevolg, dat in die evaluering deur die Stigting van Navorsingsontwikkeling (SNO), publikasies in oorsese tydskrifte 'n groter bydrae tot die toekenning van navorsingsfondse maak. Ten spyte van bogenoemde, het elke lid van die WVSA 'n eerste verpligting ter ondersteuning van sy eie tydskrif, met die besef dat die onmiddellike voordeel dalk nie so groot mag wees as dié wat dit vir die toekoms sal inhou nie. In die Tydskrif van die WVSA moet daarna gestreef word om die weidingkunde dissipline uit te bou, maar net so belangrik is om die behoeftes van sy lede te bevredig. Groter begrip en ondersteuning is absoluut noodsaaklik in die beoordeling en keuring van Afrikaanssprekendes se voorleggings vir publiserings. Swak taalgebruik mag nie meebring dat hoogswetenskaplike navorsing, wat van groot nasionale en internasionale weidingkundige waarde kan wees, dalk afgekeur word nie. Landboukundige opleidingsinstansies behoort dit ernstig te oorweeg om kursusse oor die evaluering en skryf van wetenskaplike artikels in hulle kurrikula in te bou, wat tot voordeel van alle vakverenigings sal strek.

Die WVSA sal soos reeds uiteengesit die vinnig veranderende politieke en finansiële omgewing op geen manier kan ontkom nie. Dit is dus noodsaaklik dat die Vereniging in die nuwe Suid-Afrika, 'n groter bydrae tot ontwikkelende landbou sal moet maak, sodat dit kan bydra tot verwesening van die Heropbou- en -ontwikkelingsprogram van die regering. Die vinnige herverdeling van landbougrond wat deur die Suid-Afrikaanse regering en streekregerings beplan word, laat die vrees ontstaan dat 'n magdom nuwe boere wel grond gaan besit, sonder die nodige landboukundige agtergrond en opleiding. Hierdie aspek dui op die absolute noodsaaklikheid ter bevordering van toekomstige landbou opleiding en kennisoordraging aan nuwe boere, asook duideliker beleidsuitsprake oor nie-formele en gevorderde formele tersiêre landbou opleiding en navorsing deur die sentrale en streeksregerings. Die bystand wat die Vereniging in hierdie verband kan bied, is deur die fasilitering van nog meer gekoördineerde en geïntegreerde simposia, prestige boere- en inligtingsdae binne en tussen die verskillende streke. 'n Algehele nuwe strategie is nodig om veral nuwe boere by die weidingkunde dissipline te betrek. Die insluit van meer ontwikkelende gebiede sessies en boereforums tydens die jaarlikse kongres van die Vereniging, soos die afgelope paar jaar die geval was, is saam met die Ontwikkelende Gebiede Afdeling van die Vereniging, baie belangrik vir ons betrokkenheid met ontwikkelende landbou en behoort nog verder uitgebrei te word.

The GSSA must be developed so strongly professionally, that the policy makers at all levels in agriculture will turn to us for advice and guidance in decision-making on grassland science matters, and on land issues. We can indeed not remain silent on these issues. The Society although remaining politically neutral, has a role to play in this debate by providing a forum for the exchange of ideas through conferences and symposia, the Journal and, most importantly, the Bulletin. This presents an enormous challenge to each member of the Society to act professionally at all times to ensure that we are accepted, recognised and ensured a right of existence.

In seeking to fulfil its mission and desire to continue existing as an autonomous, professional organisation, the GSSA should always concentrate on taking note of the changing circumstances and challenging times in which we find ourselves. According to Charles Darwin, "you can adapt, mutate, migrate or die". By acting innovatively the GSSA has the ability to remain dynamic and be a representative leader to the benefit of every grassland scientist, the community it serves, and eventually the entire southern Africa. The GSSA should now embark on an active outreach campaign to increase membership, influence and the status of the discipline, within the region and Africa as a whole. This is important because it will strengthen our relationship with sister organisations elsewhere in the world. Too much is at stake, to allow delimitation and artificial hierarchies to undermine the objectives of the Society. It will not be possible for education/training, research, extension and community service to stand up to the new agricultural challenges in southern Africa without effective coordination. In southern Africa a wealth of undeveloped potential is locked up in the human resource, which must be unlocked and developed in future in order to obtain sustainable agricultural production

from grassland and cultivated pastures in developed and developing areas. If all in the agricultural community do not use the natural resources in a sustainable manner, people from outside agriculture and perhaps from outside the country, may prescribe to us how it should be done.

We look forward with excitement to the initiatives that will flow from our Society in future. With the right approach and pride in of the Grassland discipline, a bright future awaits the Grassland Society of southern Africa. Such a positive attitude should include all the aspects in the following quotation:

"Work is not primarily a thing one does to live, but the thing one lives to do. It is, or should be, the full expression of the worker's faculties, the thing in which he finds spiritual, mental and bodily satisfaction, and the medium in which he offers himself to God."

Dorothy Savers

**Verwysings .**

Erasmus T 1990. Public accountability. Veld Trust Conference on the conservation status of agricultural resource in the RSA, Pretoria. 19 October.

0000000

**YOUNG SCIENTIST AWARD**

On application, previous recipients of the "Best Young Scientist Award" will be able to receive a certificate to that effect. Please contact the Secretary, GSSA.

# YOUR FUTURE

# OUR CHALLENGE



ENSURING THE REWARDS OF TECHNOLOGY



ENSURING THE REWARDS OF TECHNOLOGY

## FODDER CROPS

Pastures for a profitable and stable livestock production. Pannar supplies quality forage crops that can meet the full spectrum of your livestock requirements.

### FOR INTENSIVE STOCK FARMING

For milk production or finishing off of weaners and fat lamb production. High carrying capacity with good nutritional value.

- Annual or perennial rye grass.
- Tall fescue or cocksfoot.
- Grass mixtures for specific fodder programmes.

Exclusive cultivars available.

### FOR SEMI AND EXTENSIVE STOCK FARMING

Perennial grasses such as:

- Ergagosis
- Simulstinger
- White and Blue Buffalo
- Rhodes
- Wool Grass

### LEGUMES FOR PROTEIN REQUIREMENTS

For irrigation or drylands.

**LUCERNE:** Dominant to strong non-dormant varieties for grazing or top hay production.

**CLOVER:** Well-known red and white clovers separate or in mixtures.

Exclusive cultivars available.

### VERSATILE HIGH PRODUCTION FORAGE CROPS

For high yields and fodder flow planning.

- Forage sorghum hybrids
- Teff
- Forage millet hybrids
- Tricole

Should you have any queries or require agronomist advice pertaining to forage crops of your choice, please contact your nearest Pannar regional office.

**Eastern and  
Northern Transvaal**  
Delmas 0157 - 2251

**Eastern O.F.S.  
and Central Tvl.**  
Heidelberg 0151 - 5881

**Western Transvaal**  
Kleinsdorp 018 - 4628513

**O.F.S.**  
Kroonstad 0562 - 25146

**NATAL**  
Greytown 0334 - 31131

  
**PANNAR**